


Die slinkse boekhouer

Lukas 16:1-13



In hierdie laaste Sondaes van die kerkjaar bedink ons die eindtyd, die eindoordeel. Vir ons wat aan Christus behoort, is daar niks te vrees vir die oordeelsdag nie – uit genade alleen sal ons vrygespreek word, alleen maar op grond van Jesus Christus se verdienste. Maar dit beteken nie dat daar nie geoordeel sal word nie. Dit beteken nie dat hulle wat sonder Christus sterf op grond van hulle daad geoordeel en veroordeel sal word nie. En dit beteken ook nie dat ons wat aan Christus behoort maar kan lewe net soos ons wil nie – asof ons nie ook voor die regterstoel van God sal verskyn en rekenskap van ons lewe sal moet gee nie. Die vraag gaan wees: het ons gelewe soos kinders van die Here? Of het ons maar ook gelewe soos die mense wat 'n ander here dien?

Daarom vertel Jesus hierdie vreemde verhaal ... spesifiek vir die fariseërs, vir die kerkmense van sy tyd. Dis 'n verhaal op vele vlakke.

Daar was eendag 'n boekhouer/bestuurder wat met die boekhou-syfers gepeuter het. Hy't bietjie met sy baas se geld gemors en toe is hy uitgevang en aangekla. Hy het besef sy doppie is geklink, hy gaan beslis sy werk verloor, want die bewyse teen hom was verdoemend. Maar dié boekhouer was 'n slim man, slinks eintlik, slu – 'n regte opportunist.

Hy dink toe so by homself: as ek nou my werk verloor gaan ek swaarkry. Ek's nie lus vir handarbeid nie, en nog minder vir bedel. So, al plan wat oorbly is dat ek nou vir myself die goedgesindheid van 'n klompie mense moet gaan koop. Daarom skryf hy toe groot dele van hulle skuld af – geld wat hulle die boekhouer se baas skuld. M.a.w. hy vat geld wat nie aan hom behoort het nie en koop daarmee mense om om hom goedgesind te wees. 'n Klasieke voorbeeld van bedrog en korrupsie – dit waarvan ons nuusberigte en koerante in Suid Afrika deesdae propvol is.

Die een verrassing in die verhaal is dat toe die baas van die slinkse plan uitvind, was hy nie regtig kwaad vir die boekhouer nie, nee, dis eerder asof hy hom bewonder het, hy't hom geprys vir sy slimmigheid en skelmstreke! In hierdie korrupte wêreld is dié skelm boekhouer dalk baie werd, het die baas gedink! Baas en boekhouer, ewe skelm! Want beide het een en dieselfde god aanbid: Mammon! Hulle het beide ontdek jy kan in hierdie lewe jou pad oop koop, mense misbruik en mislei, die leuen tot jou voordeel gebruik. Geld en mag en invloed bring jou ver as jy net slim genoeg is. Boekhouer en baas het mekaar toe gevind in hulle gesamentlike diens aan die god Mammon. Ook hiervan is die koerante en die TV nuusberigte deesdae propvol.

En dan pas Jesus hierdie verhaal toe op Christene, kerkmense. Hier is op veel vlakke iets te leer:

- (1) Dat geld en goed, invloed en mag bruikbare dinge is, dit is so. Om geld en mag te gebruik, is op sigself nie verkeerd nie. Maar die groot vraag is: in wie se diens gebruik ek dit? Wat is my doel daarmee? Gebruik ek dit net om nog méér geld en méér mag te bekom – tot my eie voordeel? Of gebruik ek dit in diens van die Koninkryk, in diens van die ander? Gebruik ek dit om dit wat ewigheidswaarde het te bekom, of bou ek daarmee net vir myself sekuriteit vir hierdie verbygaande wêreld? Wat maak ons met die besittings en talente wat die Here aan ons toevertrou het? Waarvoor wend ons dit aan? Dien ons daarmee die Koninkryk, die ander, die geringstes, vir God? Ons dien ons net onself daarmee? Dis die groot vraag wat ons voor die regterstoel sal moet beantwoord.
- (2) Daar is 'n tweede toepassing. Hoe betroubaar ons in die klein dinge wat die Here aan ons toevertrou is, netso betroubaar gaan ons wees in die groot dinge wat Hy aan ons toevertrou. Anders gestel: as ons nie eers betroubaar kan wees in 'n klein dingetjie soos eerlike boekhouding nie, hoe sal ons betroubaar wees in die veel gewigtiger sake rakende die koninkryk van God? Daar is dus 'n direkte verband tussen ons eerlike omgang met geld en goed (veral ander mense s'n) en ons eerlike omgang met die ewige dinge, dit wat wesenlike waarde het – die verhouding met God en mekaar. Oor daaroor sal ons verantwoording moet doen.
- (3) Op die ou end gaan dit ten diepste oor die vraag: in wie se diens staan ek? God s'n of die afgod Mammon se diens? Volgens wie se reëls speel ek die lewensspel: dié van God of dié van geld en mag? Iemand het hierdie basiese lewensingesteldhede teenoor geld en goed nogal oulik opgesom:
 - Die dief sê: “jou geld is myne, daarom vat ek dit!”
 - Die vrek (suinige mens) sê: “my geld is myne, ek hou dit net vir myself!”

- Die tipiese moderne kapitalistiese mens sê: “my geld is myne, maar ek sal, wanneer ek kan, iets daarvan vir jou gee.... natuurlik in ruil vir iets wat ek daaruit kan kry”.
- Die Christen behoort te sê, so verduidelik Jesus hier: “my geld is eintlik God s’n, Hy leen dit net vir my, maar dan met die doel om dit met ander te deel – daarom deel ek dit graag met jou.”

(4) En dit bring ons by die heel groot verassing, die onverwagte wending, die eintlike punt van hierdie gelykenis. Toegepas op die koninkryk, toegepas op die dinge wat ewige waarde het – die heil in Christus, die ewige lewe, die genade en vergiffenis, die omgee vir ander – daarin behoort ons in ‘n sekere sin net soos hierdie boekhouer te wees. Die genade wat Christus vir ons verwerf het, God se liefde, dit wat werklik waarde het, dit vertrou God aan ons, sy kinders toe. Ons is nie die eienaars daarvan nie; ons is net rentmeesters, boekhouders. En eintlik wil die eienaar – want so is God – graag hê dat ons dit aan ander sal uitdeel. Dat ons sy vergiffenis sal meedeel, mense se skuld in sy naam sal afskryf, sy liefde sal uitdeel. Wat dit betref het ons nogal ‘n les te leer by die slim boekhouer! Omdat dit wat God aan ons toevertrou het nie ons s’n is nie, maar God s’n, daarom kan ons, nee moet ons dit aan ander uitdeel. En daarin moet ons betroubaar wees, getrou tot in die kleinste besonderhede. Dis die verrassende punt van hierdie gelykenis: God as eienaar wil graag hê ons moet sy goedheid en genade aan ander uitdeel.

In vers 14 staan: “Die Fariseërs was baie lief vir geld en toe hulle al hierdie dinge hoor, het hulle hom beledigend uitgelag.”

Gideon van der Watt